

Skriflesing: Lukas 24: 36 – 49; Johannes 20: 19-24

Teks: **Lukas 24: 36, 48-49; Johannes 20: 21-22**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 138: 1, 4**

TYDENS EREDIENS – Ps. 33:1,2; Ps. 19:4; Ps. 145:1,3; Ps. 89:1,6

Lukas 24: 36 – 49

Luk 24:36 Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!"

Luk 24:37 Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees.

Luk 24:38 Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte?"

Luk 24:39 Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie."

Luk 24:40 Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete.

Luk 24:41 Toe hulle van blydschap en verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir hulle: "Het julle hier iets om te eet?"

Luk 24:42 Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte vis.

Luk 24:43 Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet.

Luk 24:44 Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is."

Luk 24:45 Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan.

Luk 24:46 Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan,

Luk 24:47 en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.'

Luk 24:48 Julle is getuies van hierdie dinge.

Luk 24:49 En Ek sal die gawe wat my Vader beloop het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is."

Johannes 20: 19-24

Joh 20:19 Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!"

Joh 20:20 Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.

Joh 20:21 "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Joh 20:22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees!"

Joh 20:23 As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."

Joh 20:24 Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf, was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie.

Skriflesing: Lukas 24: 36 – 49; Johannes 20: 19-24

Teks: **Lukas 24: 36, 48-49; Johannes 20: 21-22**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 138: 1, 4**

TYDENS EREDIENS – Ps. 33:1,2; Ps. 19:4; Ps. 145:1,3; Ps. 89:1,6

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, met die eerste vier verskynings nadat Jesus uit die dood opgestaan het, het Jesus getoon hoe Hy al dieper ons lewens kan inkom vanweë die feit dat Hy die dood oorwin het. By Maria Magdalena het Hy getoon die waarde van geloofsekerheid. By die vier ander vroue het Jesus die vreugde van geloof aan hulle wou oordra. Die vreugde in die wete dat die Here lewe, Hy het die graf en die dood oorwin! By die verskyning aan Simon Petrus, wat ons so min van weet wat daar gebeur het, is dit wel duidelik Jesus het in liefde weer

Petrus na sy opstanding tegemoet kon gaan. Watter groot liefde het die Here aan Simon betoon, ja liefde vir die sondaar wat so hard geval het.

Die vorige twee Sondae met Jesus se verskyning aan die Emmaüsgangers het die Here die vraag na jou en my ware lewensbeskouing wou beklemtoon. Die Emmaüsgangers het in hulle lewensbeskouing baie te kort geskiet. Jesus noem hulle ... *o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! 26 Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlijkheid ingaan nie?* Die enigste weg wat Jesus hierdie manne maar ook ons lewensbeskouing in plek kan kry is deur God se Woord. So het ons in die Nagmaaltyd dit moes hoor dat alleen deur die geopende Woord kan ons lewens in plek kom en kan ons beskouing oor die lewe ook alleen deur die Woord gereinig en geheilig wees. Jesus het aan die Emmaüsgangers groot dele van die Skrif uitgelê, vanaf Moses en die profete, ja al die Skrifte wat op Hom betrekking het.

Dit val op met hierdie eerste verskyninge kom lê Jesus baie klem op hoe sy opstanding ons lewens kan aanraak en verander. Dit gee sekerheid, vreugde, liefde en reinig jou oë dat jy reg kan kyk wat sy opstanding vir jou beteken. As ons vandag na die vyfde verskyning oorbeweeg is dit asof Jesus nie net die klem op die *lewe* plaas nie, maar nou kom ons geloofswerke ook aan die orde. Die geloofsluwe moet deur geloofswerke gevolg kan word en die wonderlikste waarmee 'n gelowige in sy lewe sy geloof mee moet kan laat werk is dat daar *vrede* in jou lewe moet kom. As ek nog nie geloofsvrede ontvang het nie, dan sal die ander belangrike oorgange in ons geloof baie moeilik ons deel kan wees. Dis asof hierdie geloofsvrede, wat die vyfde verskyning meebring eintlik 'n skakel moet wees tussen jou geloofsluwe en jou geloofswerke!

Wat ons vêrder by hierdie vyfde verskyning ná Jesus se opstanding moet opval is dat hierdie is die eerste verskyning aan die dissipels waar hulle in 'n groep bymekaar was. Dis asof Jesus aan ons toon die waarde van sy opstanding waar die gemeenskap van die heiliges wil saamkom en bymekaar wil wees, selfs al is hulle baie verward en bang. Ons kan aanvaar hierdie verskyning gebeur laat, baie laat dié Sondag. Dis die laaste van verskyninge daardie spesifieke Sondag.

Die oggend het Hy voor dagbreek, reeds uit die graf uitgegaan, dit was 'n dag nie net van grote dinge nie, maar ook van baie dinge. Dis asof Jesus met verskyning na verskyning die dinge na 'n al hoe groter hoogtepunt wil meevoer soos wat Sy opstanding werklik 'n al hoe groter versterking en verdieping van ons geloofslewe teweeg moet bring.

Jesus wil twyfel wegneem en in die plek daarvan geloofsvreugde skenk. Hierby wil die Here, tot in die laatnag van daardie Sondag ons steeds die waarde van sy liefde laat besef en liefde kan alleen liefde wees as ek bereid is om God se Woord in my lewe oop te maak en dit my werklike uitkyk op die lewe word. My lewensbeskouing word dan deur 'n ware geloofsbeskouing gevorm. As al hierdie dinge bymekaarkom waar Jesus daardie nag 10 van sy dissipels saam aantref, hulle is in 'n bovertrek iewers in Jerusalem, waar ook die aantal vroue en nou ook reeds weer die Emmaüsgangers by hulle aangesluit het. Johannes wil in sy evangelie ook besondere klem daarop plaas dat daardie bovertrek se deur behoorlik gesluit was.

Ons kan aanvaar iemand wat aanvanklik besondere leiding in die gesprekke sou neem is Petrus want het die Here vroeër die dag wel apart ook aan hom verskyn. Hy sou met die ander die grootheid van gebeure wou bespreek en deel. Terwyl hy nog so sou praat sou die Emmaüsgangers ook skielik daar aankom en die grootste van vreugde wat Petrus se deel was, kon hulle ook bevestig wat het hierdie middag met ons gebeur. Hulle sou kon sê- Ons padlangs gesprek met Jesus het Nagmaal geword, toe eers het ons Hom erken maar ook toe het Hy liggaamlik uit ons gesig verdwyn.

Skielik is Jesus in daardie bovertrek. 'n Tweede maal op een dag sien die Emmaüsgangers Hom, sien Petrus Hom, sien die vroue Hom, maar hierdie is die eerste wat sy meerderheid dissipels Hom kon sien. So min soos die groot klip voor sy graf Hom kon keer om nie daar uit te gaan nie, so min kon die geslote deur Hom keer om nie daar in te gaan nie. Dadelik groet Jesus hulle. Hy gebruik die woord *Shaloom* – ons vertaal dit as VREDE- Jesus sê *Vrede vir julle*. Om uit die woord van God hierdie besondere vrede te mag hoor en te mag ontvang kan ons onself eintlik geen groter geskenk indink as dit nie.

Johannes lê wel klem daarop dat die gelowiges daardie nag baie bang was. Ons kan ons dit indink. Die Jode wat Jesus so wreed vermoor het, kan seker enige oomblik inbars en hulle wat so direk met Jesus hulself verbind het, ook voor die voet wil afmaai. Die wreedste ding wat daar op aarde kan wees is eintlik mos ook maar die mens. Daar is eintlik in die dierewêreld niks so wreed as soos as 'n mens sy wreedheid wil deurvoer nie. Die mens wat so maklik kan verdierlik het ons al telkens in hulle wreedheid verstom en dit sou Jesus se volgelinge ook besef.

Tog sou ons kan raaksien soos wat die getuienisse van Jesus se opstanding daardie Sondag aangegroei het, so sou daar te midde van hulle vrees iets van 'n vreugde en opgewondenheid ook nie uitgesluit kan word nie. Die vroue het Hom gesien, Petrus het Hom gesien, hier kom die Emmaüsgangers nou ook en hulle het Hom gesien. Al is daar dalk nog mate van twyfel in hulle binneste gewees sou daar sekerlik plek-plek afwagting en 'n onsekere vreugde wil-wil begin posvat.

As Jesus dan skielik hulle midde inkom en sy eerste woorde, ja die eerste woorde van die opgestane Here aan die grootste groep van dissipels is *Vrede vir julle...* Ons kan ons baie moeilik die werklik groot waarde van daardie vreugde probeer indink. Die wêreld het so 'n gebrek aan werklike vrede. Ons besef die laaste keer wat rondom Jesus daar eintlik van vrede sprake was, was die nag van sy geboorte. Dis nou ook al 33 jaar terug wat dit gebeur het, toe engele daarvan kon sing- Dit in die ope velde onder die sterre naby Bethlehem. Luk. 2:14- *"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"*

Vrede is 'n baie meer innerlike saak as wat dit 'n uiterlike saak kan wees. Dit moes ons in ons eie lewens ook al agtergekom het. As daar in jou geloof die ware besef van vrede reeds diep kon indring, het daar werklik in jou geloof alreeds iets groot gebeur. Want mag ons nooit vassteek by 'n gestagneerde geloof nie. Die opstanding van Christus is seker van die grootste gebeure wat 'n gelowige in sy lewe aan kan vashou. Dit moet van die grootste hoogtepunte wees wat daar kan wees, die besef dat Jesus lewe! Dadelik hiermee saam as die opstanding van Christus ook vir jou so 'n besondere hoogtepunt is maar dit voer jou nie vêrder as om maar net daarvoor opgewonde te wees nie, dan is ek reeds besig om in my geloof te stagneer. Stagnasie in die geloof is net so 'n erge saak soos agteruitgang in ons geloof.

Die geloofslewe gaan om baie meer as om maar net self gevoed en gelaaf te word. Dit moet ons veral nou ná Nagmaal ook weer besef. Geloofsvrede is om aan ander te gee wat jy ontvang het. Christus verskyn daar, waar mense vol van vrees, vir die Jode saamgebondel is. Hulle vrees 'n wêreld daarbuite, alles behalwe vrede, dit kon dalk veel meer soos 'n staat van oorlog gevoel het, allermens vrede. En as Jesus daar kom dan is sy woorde aan sy mense *vrede vir julle*. En Hy spot nie met hulle nie, juis nie, maar Hy wil nou waarlik vrede skenk! Nou eers kan daar waarlik vrede wees omdat daar vrede met God kan wees. Die prys om hierdie vrede te verkry het Christus betaal.

Die prys wat geen geld kan koop nie, geen onderhandelinge kan bereik soos wat die mense telkens deur onderhandelinge probeer om vrede te bewerk, maar wat bereik die wêreld? NAVO en talle Westerse vredes berade en onderhandelinge lyk nie of dit op die punt is om vrede in die Ukraine te bereik nie. Europa was in 'n stadium so selfversekerd dat daar geen oorlog van skaal, geen wêreldoorlog weer die wêreld sal tref nie. Hulle begin nou 'n ander deuntjie te sing alhoewel daar geen bereidheid is om voor Christus en sy Woord te buig nie.

Dit terwyl die boek Openbaring waarmee ons weer eersdaags verder kan gaan, as dit die Here se wil is, beslis ons die dinge anders laat sien. Die mens wat met 'n groot stuk ironie vrede wil bewerk. Skaf vir jou al meer wapentuig aan, raak al meer gereed vir oorlog dan glo die wêreld is vrede die naaste aan jou. Is dit hoe vrede moet lyk, hoe vrede werk?! Vir die wêreldling, ja, maar vir ons wat vandag hier is, ons wie so baie van ons voorouers in hulle uiterlike, liggaamlike lewe geen vrede kon hê nie. Hoe baie bloed het daar al op die terrein van godsdiens gevloei?

So baie van ons het Franse Hugenote as voorouers? Mense wat nie na Suid-Afrika sou kom as daar nie geloofsvervolging was nie. Baie van ons voorouers is vir hulle geloof gemartel, vermink. Daar word vertel dat toe die Geloofsbelydenis van Nicea saamgestel was, dis nog weer honderde jare voor die Hugenote se koms, in 325nC, daar op die spesifieke sinodale vergadering baie min mense was wat nie vermink, kreupel, of een of ander sigbare skeet, 'n af arm, af been, dalk net een oog, gehad het nie. Mense wat gekom het uit die slagting van die lewe, uit die slagting van geloofsvervolging toe hulle die besondere geloofsbelydenis wou saamstel. 'n Belydenis wat juis die waarheid rondom die Drie-Eenheid en die waarheid van die goddelike en

menslike natuur van Jesus as uitgangspunt wou stel. Dit teen die kettters van hulle tyd wat of die leer rondom die Drie-Eenheid, of die twee-nature leer rondom Christus, of die soewereine wil van God dat God kon kies wie Hy wil, nie as uitgangspunt wou aanvaar nie.

Ons calvinistiese voorouers het al die dinge onomwonde bely en was bereid om hulle lewe daarvoor te gee. In die moderne wêreld word daar op die woord calvinisme gespoeg, watter tragiese tyd waarin ons lewe. Die oorgrote meerderheid weet inderdaad eintlik glad nie wat calvinisme beteken nie, net so tragies! Al was daar in die calvinistiese wêreld rondom ons voorgeslagte nie vrede nie, het hulle kon lewe uit die innerlike vrede wat Christus hulle ook geskenk het. Dieselfde vrede wat Jesus daardie nag sy direkte volgelinge wou skenk toe Hy vir hulle gesê het- *Vrede vir julle ...*

Dis sulke mense wat dit mag lyk daar is geen vrede in wat hulle uiterlike liggaamlike omstandighede dan ook wel was nie, maar hulle het binne hulle 'n geloofskalmte en vrede want weet hulle wat ook al met my gebeur, niks kan my uit die hande van God ruk nie. As jy eenmaal vrede met God gevind het, dan kom daar 'n kalmte oor jou, wat deur niks in die wêreld versteur kan word nie.

Die werklike geheim in hoe hierdie vrede ons bereik lê in Jesus se woorde maar ook direk in wat Hy gedoen het met die vredes-woord. Hy het hulle ontsteltenis en twyfel heeltyd raakgesien, Hy het hulle sy hande en voete gewys. Hy wys dat Hy werklik weer mens is, ten volle mens, met 'n verheerlikte menslike natuur. Hy wat sê - soos ons in vv. 39-40 in die Ouer Vertaling lees- 39 *Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie. 40 En terwyl Hy dit sê, wys Hy hulle sy hande en sy voete.*

Soos met die Emmaüsgangers by die breek van die brood hulle oë kon open is Jesus weer besig om die geestelike voedsel nie van die liggaamlike voedsel te wil skuil nie. In die liggaamlike voedsel lê daar dikwels soveel geestelike betekenis en waarde. Gewone brood wat Nagmaalsbrood moet kan word, dit by die Emmaüsgangers. Hier verwys die Here weer na gewone kos- Weer uit die ouer Vertaling- *Het julle hier iets om te eet? 42 Daarop gee hulle*

Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek. 43 En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet.

Tog sien ons nou iets van 'n omgekeerde orde. Waar Jesus by die Emmaüsgangers vanaf die geestelike kos na die brood, na die liggaamlike kos beweeg het, beweeg Jesus nou in die bovertrek vanaf die liggaamlike voedsel na die geestelike voedsel. Volgens die evangelie van Lukas is die uitbreiding op die geestelike vrede en vervulling wat op die gelowige wag baie breedvoerig.

Jesus verwys terug na die woorde vroeër so duidelik deur Hom aan hulle verkondig. Preke wat nie vergeet mag word nie. Weereens soos met die Emmaüsgangers vroeër die middag word Jesus nie moeg om elke keer by dieselfde Woord te begin en dit uit te lê nie. Die middag het Hy gedoen wat Hy in hierdie dieselfde nag weer doen. Jesus word nie moeg daarvoor nie! Hy gebruik dieselfde tekste, dieselfde Woord van God want weer gaan dit vir Hom om wat in die Wet van Moses, in die profete en in die Psalms oor Hom geskrywe staan.

En Jesus gee die geheim van die tekste deur hulle verstand te open om die Skrif te verstaan. As God dit nie vir jou oopmaak nie, dit moet ons ook besef, dan sal dit nooit ook vir jou en my oopgaan nie. Jesus gee in sy uitleg van God se Woord die vervulling tot op die laaste. Ons lees hoe Hy wat dié Christus is dit Self verklaar- *“So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47 en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.* Ons moet Self ook getuies van hierdie waarheid wil wees.

Al hoe ons dit kan wees en waarmee ons die wêreld met hierdie waarheid moet ingaan is as jy die dinge verstaan maar meer as dit! Johannes beskryf in sy evangelie die meerdere deel- Joh. 20:22- *22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees! 23 As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.”* Jesus het op hulle geblaas. Ja, die Heilige Gees is geen sigbare werklikheid nie, tog is Hy hier by ons. Blaas en asem gebeur tegelyk soos wat ons besef as Jesus die mens geestelik maak die oomblik wanneer God die mens na sy beeld en

gelykenis gemaak het, dan lees ons God het die asem van die lewe ons ingeblaas (Gen. 2:7). Nou ontvang die mens meer as net die geestelike lewe. As Jesus blaas dan sê Hy – *Ontvang die Heilige Gees ...* In hierdie ontvangenis lê ook die diepe geheim van vergiffenis- *23 As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.*”

Ons besef waar Lukas vir Jesus aanhaal dat Jesus sou sê ... *49 En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur.* Johannes maak dit nog duideliker Wie hierdie gawe presies is. Hy is die Heilige Gees. Mag u in Hom wat die Heilige Gees is werklik die grootheid besef van wat die vrede is wat God ook vir jou wil skenk. Mag ons besef watter waarde het God se Woord vir Homself; die Woord wat baie mense vandag so minag en probeer verkleineer en verdraai. Mag ons besef hoe belangrik dit is dat jy nie ’n haat teenoor andere mag rondraai nie, maar ook as jy nie gaan vergewe nie, dan gaan God jou nie vergewe nie.

AMEN